

Woensdag 4 April

Skrifgedeelte: 1 Tessalonisense 2:1-6
(1933/53-vertaling); 1 Tessalonisense

:1-7a (1983-vertaling)

Fokusgedeelte: 1 Tessalonisense 2:4

Sien as waardige kind van God uit na Christus se wederkoms, selfs te midde van swaarkry

Met die eerste aanhoor klink die woorde van hierdie gedeelte na daaglikse dinge wat ons as gelowiges diep seermaak. En as dit al in Paulus se tyd so gegaan het, is dit nog vandag sinvol om die Woord van die lewende God te verkondig? Hoekom dan nog preek en/of kerk toe kom? Om mense tevrede te stel ...?

Kom ons nog kerk toe omdat ons na die Woord van God wil luister, of net sodat ook dáár in ons eie behoeftes voorsien kan word? Daar word al hoe meer gesê: *Ek* kom net kerk toe wanneer *ek* 'n *behoefte* het ... *Ek* kom net kerk toe wanneer *ek* vertroosting of verlossing *nodig* het. Of dat *my* ouderling darem kan sien *ek* leef nog ... Om mense tevrede te stel ...!

Veel eerder moet ons doen wat ons Here vir ons in vers 4 sê. Omdat Hy ons *waardig* ag, *moet* ons die reddende evangelie van Jesus Christus sonder ophou verkondig, en dit doen omdat God dit van ons verwag! Selfs al word ons deur die wêreld, en selfs deur ons eie broers en susters beoordeel en veroordeel, moet ons aanhou om deur God getoets te word. Hy sal ons so toets dat ons aan Jesus se belofte sal vashou en vir seker weet: Hy kom weer. Hy kom op die wolke neer!

Doen dit met opregtheid en in afhanklikheid van ons Here. Bid en vra dat die Heilige Gees jou daarin sal lei om onbevrees met hierdie opdrag voort te gaan.

Sing: Skrifberyming 11-2:1, 2

Ds. JJ (Johannes) de Bruyn (Harrismith)